







# SPRINGS
## PETS & BIRD PARK

011 811 2666

Accessories
- Pet food & Kennels
- Cat Litter
- Pet Toys & Accessories
- Fish Tanks & Accessories
- Reptile Tanks &
- Accessories

Pets
- Dogs
- Cats
- Assortments of Birds & Fish
- Reptiles
- Rats & Mice




Gert Wolmarans
082 374 8797

47 Geduld Road.
Next to Paul Kruger Highway, Geduld Ext. Springs

van Breda MOTORCYCLES
New & Pre-owned motorcycles

SUZUKI Way of Life!

BIG BOY
PIT BIKES • COMMUTERS • ATVs

**Virgie Lavos**

**61/63 2nd Street, P.O. Box 701, Springs, 1560**
**Tel: 011 815 6726/7/8/9 Fax: 011 362 3773**
**A/H: 011 813 2734 Cell: 082 557 7095**
**vanbreda@netactive.co.za**

## *Junie 2024*

INHOUDSOPGAWE


Oordenking…………………………….………….1-2
Uit die Voorsitter se pen…………………..3-4
Redaksie………………………………….......5
Seniorburger blad ……………...…………...6
Bestuursinligting……………………….......7-8
Voogdelys…………...……………….…….......9
Lief en leed……………………...…..…….10
Leedwese...……………………...…..…….11
Kampnuus Bush Inn April…...............…12-23
Verjaarsdae & Huweliksherdenkings…...24-25
Tiener verjaardag.........................................25
Brag Blad………….......…....……........…26
Jeug vermaak……………….……………….27
Kampresep………...………….................28-29
Uit die natuur……………………...…....30-31
Smoushoekie………………...……...…..32
Jaarprogram………..………….....……..33


Jaargang 50 Nr. 3



# Oordenking

**Wees die maan!**

Hemelliggame soos die son, maan en sterre is interessante verskynsels. Dit was en is steeds iets wat deur sekere mense verafgod en aanbid word. Daar is selfs ‘n toegewyde wetenskap wat die studie van hemelliggame behels. Volgens Genesis is die hemelliggame egter deur God geskape en slegs Hy bepaal die werking daarvan.

Die maan het nie ‘n “kragbron” van sy eie om lig te verskaf nie. God het dit so geskape dat dit slegs die son se lig weerkaats en so sigbaar is en skyn. Dit is nie sy eie lig wat deur die maan gegenereer word nie, maar die son se lig wat weerkaats word.

Die Amerikaanse liedjieskrywer en sanger, Chris Tomlin, het gedurende 2020 ‘n liedjie vrygestel wat hy saam met ander kunstenaars gesing het met die titel “Be the Moon.”

Op ‘n vraag gedurende ‘n onderhoud oor hoe hy dit vereenselwig dat hy geestelike liedjies sing, maar die “spotlight” val op Chris, het hy geantwoord: “My job is to be the moon.”

God het die mens na Sy beeld geskape. As Christene moet ons die ligdraer wees van God. Dis nie moontlik om dit op ons eie krag en vermoëns te vermag nie. Ons het 'n "kragbron" nodig, 'n bron van lig wat ons kan reflekteer en so kan skyn.

Die son is die hoof bron van lig in ons sterrestelsel. Die maan is bloot 'n groot stuk stof en klip wat deur gravitasie aan mekaar gehou word. Tog is die maan in staat om lig te verskaf tydens 'n donker nag, natuurlik met behulp van die son.

Die son wat skyn is ook 'n teken van God se genade. Chris Tomlin speel mooi met woorde wanneer hy in sy liedjie die lirieke sing "… I'm nothing without the Son's amazing grace On everything I do…"

God het die mens ook geskape as 'n wese wat in verhoudings met ander mense staan. Of dit nou vriende, kliënte, pasiënte, kollegas of familielede is – dis mense met wie jy in 'n verhouding staan.

God wil hê dat ons elke dag Sy lig en genade weerkaats en deel met die mense met wie ons in aanraking kom.

Ps 115:1 verklaar  tereg: "Dit is nie ons mense wat die eer moet kry nie, Here! Ek wil dit herhaal: Nie ons nie, maar U alleen verdien die eer…"

Wees die maan en reflekteer die genade en liefde van God.

*(Bron: Die Boodskap, 2002)*





## Uit die Voorsitter se pen

Dagsê Suikerbosranders.Ek hoop en vertrou almal is gesond. Die griep vat maar aan 'n mens die tyd van die jaar, ek hoor daar is heelwat mense wat met vark griep sukkel. Vriende, julle moet julle self oppas en warm bly, daar is van ons lede wat nog nie heeltemal herstel het nie van hulle siekte. Ons bede is met almal wat nog nie van hulle siekte herstel het nie.

Vriende, soos belowe het ek met die nuwe eienaars van Bush Inn gaan praat, John en Bernadette. Sy is die eintlike nuwe eienaar, ons het lekker gesels en hulle was baie gaaf en het na elke ding wat daar gesê was geluister en belowe om aandag te gee aan al my voorstelle.

Ons het dus toe in April daar by Bush Inn gaan kamp en ja hulle het heelwat aandag aan die park gegee om seker te maak dat ons kamp vlot verloop en dit was 'n baie aangename kamp. Die park is herbedraad en nuwe krag bokse is geïnstalleer, nuwe druk pomp is ook vir die badkamers ingesit as ook nuwe gas geisers is ingesit.

Ongelukkig weens lede wat siek was en ook weg was met vakansie moes ons die Doedie kamp te Bloekompoort kanselleer.

Ons het gaste wat saam met Adriaan en Elmarie by Bush Inn kom kamp het en hulle het so lekker gekamp en by ons ingeskakel dat hulle sommer aangesluit het as nuwe lede en hier wil ek vir Gert en Petro Vosloo baie welkom heet, hoop julle gaan nog lank saam kamp.

Vriende ja dit is weer daardie tyd van die jaar wat ons AJV se kant toe staan en dit beteken dat daar moet nominasies ingedien word vir volgende jaar se bestuur. Net 'n vriendelike versoek, as julle 'n lid nomineer, maak eers seker dat hy/sy bereid is om op die bestuur te dien. Daar gaan nominasie vorms in hierdie uitgawe wees asook die afsny datum, in dieselfde asem wil ek 'n groot beroep op julle doen om die AJV kamp te kom bywoon. Ons moet 15 lede wees om 'n kworum te

wees, anders kan ons nie AJV hou nie, dit het nog nooit met ons gebeur nie en ek hoop en vertrou dat dit ook nie nou gebeur nie. Ons het nie kampe in die winter maande nie, so kom kamp saam in Augustus en kom ons hou lekker AJV soos Suikerbosranders kan.

My gebede is dat ons Hemelse Vader ons sal behoed en bewaar deur hierdie tyd, daar lê vir ons heelwat uitdagings vorentoe, maar met onse Vader aan ons sy sal ons daardeur kom ons moet net ons vertroue in God se hande plaas.

Tot volgende saamtrek.

Veilig bly en veilig sleep.

Virgie







## Redaksie

Liewe Vriende

Daar is ons nou binne in die winter in en dit is weer tyd vir 'n Suikerbekkie uitgawe, daar was nie baie gekamp die laaste paar maande nie. Maar ons het darem 'n paar kampe wat van die lede by gewoon en dit was ook baie lekker.

Ek vra maar weer deel stories of iets met ons dan sluit ons dit met graagte in die Suikerbekkie in. Dit maak net die uitgawes dikker en lekkerder om te lees.

Ek wil dan net vir elkeen 'n warm winter groete oor dra tot ons weer praat in die volgende uitgawe.

Margaret



*KENNIS GESKIED HIERMEE VAN DIE 51 ste ALGEMENE JAARVERGADERING VAN STREEK SUIKERBOSRAND WAT GEHOU SAL WORD D.V. OP 24 AUGUSTUS 2024 OM 11h00 TE BLOEKOMPOORT*



# Seniorburger Blad

So is ons al amper in die helfte van 2024. Ongelooflik hoe tyd verby snel en dan wonder ek wat het al in elkeen van ons se lewe die jaar plaas gevind. Daar was heerlik gekamp, ander sukkel met hul gesondheid, gehospitaliseer of tuis aangesterk, selfs 'n geliefde verloor en toe Meimaand ons groot stemdag in SA. Vrese, bekommernisse, wonder wat voorlê, wat hou die toekoms in, nie net vir ons self, kinders, klein kinders, familie en vriende nie. Maar dan kom gebedsversoeke "Bid vir SA" en as 'n gelowige Christenvolk besef ons weereens waar ons "Hulp" vandaan kom en na al die veranderinge selfs die gebed in die parlement kan ons net sê "Dankie Here U is getrou nog altyd ons Redder, Verlosser en Helper" en so beleef ons elkeen oud en jonk God se Groot Genade in ons daaglikse bestaan.

In die na jare van ons lewe wil ek graag vandag sê: Onthou Jy is altyd in God se ICU onder sy intensiewe sorg. Geen behoefte, krisis of noodroep gaan by Hom verby nie. Hy monitor jou hele lewe elke oomblik, elke hartklop ken Hy, elke bruin golf sien Hy. Hy is in beheer van jou hele lewe, wat jou behoefte, omstandighede ook mag wees. Ek bid dat jy 'n Gods geseënde 2024 mag hê, want die Here sê: Ek beplan vir jou voorspoed, Liefde, Vrede, Wysheid, Vriende, Sonskyn, en Gawes van die Gees.

Geniet jul winter tydperk, bly warm, veilig en gesond tot ons volgende kamp.

Groete
Jooste en Elize



# Bestuursinligting

**Streeksvoorsitter**
**Virgie Lavos**




Posbus 13160
**Geduld**, 1562
011 813 2734 (H)
011 363 3773 (F)
082 557 7095 (S)
virgie@tiscali.co.za

**Sekretaris**
**Jackie Lavos**



Posbus 13160
**Geduld**, 1562
011 813 2734 (H)
083 448 5831 (S))
lavosjackie@gmail.com

**Ondervoorsitter**
**Johnny Randall**



Liebenberg Straat 22
**Heidelberg** 1441
084 580 8729 (S)
john.randall@absamail.co.za

**Redaksie**
**Margaret Randall**



Liebenberg Straat 22
**Heidelberg** 1441
072 766 7025 (S)
mags.randall@yahoo.com

# Bestuursinligting

**Voorraad**
**Jooste Potgieter**



Eagle Straat 173
Montanapark
**Pretoria**
078 877 6658 (S)
potgieterjooste@hotmail.com

**Penningmeester**
**Elize Potgieter**



Eagle Straat 173
Montanapark
**Pretoria**
083 417 3820 (S)
elizepotgieter@webmail.org.za



# Voogdelys

**Virgie en Jackie Lavos**

Anton en Elna Botes
Hennie en Loret Oosthuyzen
Rui en Annette Cajada
Gert en Petro Vosloo

**Jooste en Elize Potgieter**

Elize van Heerden
Philip en Hettie Horn
Dániel en Paula van Deventer
Phillip en Ans Opperman
Pieter en Bettie Branken
Mike en Margaret van der Riet

**Johnny en Margaret Randall**

Adriaan en El-Marie Erasmus
Ivan Randall
Lionel en Mynah Randall
Mariëtte van Rooyen
Jan en Daleen Viljoen
Ananda Olwagen

## Leed



Ivan Randall was in die hospitaal vir bloedsomloop te kort in sy bene. Pieter Branken het geval en sy ribbes gebreek en hoof beserings opgedoen.

*Ons bid vir elkeen die genesing van ons Hemelse Vader toe en ons vertrou dit gaan al beter met elkeen (Red.)*

## Lief

Dit gaan goed met Lionel Randall hy het mooi herstel.
Dit gaan ook goed met Mike van der Riet.

*Ons is dankbaar vir die beterskap (Red.)*





## Leedwese

Met groot leedwese is daar verneem dat een van ons oud lede, oom Lukas van der Merwe oorlede is. Oom Lukas was altyd bekend vir sy stout wees, sy humorsin en het altyd mense laat lag tydens ons kampe. Jou stem is nou stil oom Lukas. Rus in vrede, ons gaan jou baie mis.



# Kampnuus

## Bush Inn

## 12 – 14 April 2024

Daar is besluit om weer by Bush Inn te gaan kamp nadat ons gehoor het dat die park onder nuwe bestuur is.

Myself en Johnny het al die Donderdag gaan kamp, Johnny het sy karavaan se vol tent vir ons opgesit (baie dankie Johnny) ek het langs hom opgeslaan sodat ons ‘n lekker groot area gehad het om lekker te kuier, dit het lekker uitgewerk.

Vrydagaand was dit nes skrop toe boekevat en is daar lekker hoender burgers geniet, bietjie gekuier en toe kooi toe want dit het maar bietjie koel begin word.

Saterdagoggend was daar soos gewoonlik boekevat gehou en dan lekker saam ontbyt gemaak en weer lekker gekuier, so 12 uur het die bestuur ‘n ope streeks vergadering gehou en vir die lede om hulle insette te lewer, dit was ‘n baie positiewe vergadering gewees en ek dink ons sal meer so ope vergaderings moet hou, Jan en Daleen Viljoen asook Lionel en Myhna Randall het vir ons kom kuier en ek kon uiteindelik vir Jan en Daleen hulle Ere Lede toekenning oorhandig baie geluk julle, later die dag is daar besluit om spanne in te span om hangbal te speel, almal wat gespeel het, het dit terdeë geniet, natuurlik was daar gekonkel om te wen maar dit het nie so uitgedraai nie, later die middag is die vure aangesteek en lekker saam gebraai en lekker om die vuur gekuier.

Sondagoggend is Erediens en afsluiting gehou, na dit het die vrouens begin reg maak vir die groot ete en het ons lekker geëet, die wat nie gekamp het nie weet nie wat hulle gemis het nie, nadat ons klaar geëet het kom daar nog ‘n verrassing die lekker malva poeding, ek het gedink




die pot was te groot maar die mense het dit “ ge-polish” , toe was dit die slegte tyd, daar moes opgepak word om huiswaarts te keer.

Baie dankie aan almal wat kom kamp het dit was ‘n klein saamtrek maar weereens ‘n treffer van ‘n naweek, die hoogte punt is dat ons nuwe lede bygekry het dankie aan Gert en Petro Vosloo hoop julle gaan nog lank saam met ons kamp.

Kampkommandante

Virgie en Jackie




*Die nuwe eienaars van Bush Inn John en Bernadette saam met Virgie*



*Johnny en Virgie se woonwaens naby mekaar getrek om 'n lekker warm en gesellige kuier hoekie te maak vir die naweek se verrigtinge*



*Vrydagaand se aandete word rustig geniet onder die tente*



*Elize besig met Saterdagoggend ontbyt*





*Philip en Hettie maak ook hulle ontbyt*



*Na ontbyt was dit die oop streeks / bestuur vergadering en die lede was teenwoordig vir die vergadering reg om insette te lewer*








*Jan en Daleen Viljoen ontvang hulle Ere-Lidmaatskap toekenning van Virgie*



*Drie Erelid pare teenwoordig Jan en Daleen Viljoen, Lionel en Mynah Randall en Philip en Hettie Horn*



*Die gaste Petro en Gert Vosloo het ook kom kyk wat gebeur in die vergadering*



*Daar word "Hangbal" gespeel die middag, en rooi span was Chantelle, Philip en Hettie*





*Blou span was Annette, Rui en Margaret*




*Geel span was Jan, Gert en Adriaan*



So word daar beheer gehou oor die spel deur Virgie



Lekker straat braai Saterdagaand



Adriaan braai eerder sy vleisie op gas




*Chantelle het saam met ons gekamp die naweek in haar tentjie*



*Virgie en Jackie ontvang hulle 70ste Kamp/Kmdt plaatjie*





*Rui die Para-Meester deel 'n MamPara plaatjie uit vir Adriaan*



*Nuwe Padel bane by Bush Inn*




# Verjaarsdae

## April

2 April Bertus Herbst
6 April Hennie Oosthuyzen
7 April El-Marie Erasmus
20 April Mike van der Riet

## Mei

2 Mei Lionel Randall

## Junie

7 Junie Pieter Branken
23 Junie Elize van Heerden
25 Junie Annette Cajada

## Julie

4 Julie Adriëtte Viljoen
6 Julie Paula van Deventer
9 Julie Bettie Branken
13 Julie Rui Cajada
28 Julie Mariëtte van Rooyen
29 Julie TP van Rooyen



# Tiener Verjaarsdag




## Junie

9 Junie Diané du Toit
26 Junie Nanette Olwagen



# Huweliksherdenking

## Julie

3 Julie Jooste en Elize Potgieter
7 Julie Pieter en Bettie Branken

# Brag blad




Hennie en Loret Oosthuyzen het 'n ope dag by die Heidelberg rolbal gehad waar hulle 3de van 24 spanne geëindig het.



*Loret het 1ste plek gekry op die Qwa-Qwa Kompetisie vir haar dans. Volgende is dit die SA's in Bloemfontein*

*(Baie geluk Hennie en Loret ons is trots op julle - Red )*



# Jeug vermaak

*Kry die verskille*



(Bron: *https://za.pinterest.com/pin)*

# Uit die Kombuis



## SUIKERMIELIESOP

- *125 g ontbytspek*
- *2 hoenderblokkies – opgelos in*
- *2 L kookwater*
- *1 blik ( 410 g ) geroomde suikermielies*
- *1 blik ( 410 g ) heelpit suikermielies*
- *6 g mielieblom ( 12,5 ml ) – Gemeng met 50 ml melk*
- *2 eierwitte*
- *25 ml medium room sjerrie*



***S***nipper spek en braai tot bros.

***H***aal uit.

***P***laas hoenderekstrak en suikermielies in soppot.

***B***ring tot kookpunt.

***B***ring weer tot kookpunt.

***V***erwyder van stoofplaat en laat 3 min lank afkoel.

***B***reek eierwitte met vurk, maar moenie klits nie.

***G***iet in `n dun straaltjie by warm sop terwyl u sop klits.

***G***eur met sout en peper en sjerrie.

***S***kep op en strooi gekrummelde spek oor**.**



*(Bron: https://kampkosenwenke.weebly.com/sop)*

## **Uit die Natuur**

# Wildehond



Die **Afrika wildehond** (Lycaon pictus) is 'n karnivoor en soogdier uit die familie Canidae. Wildehonde kom slegs in Afrika voor, veral in struikvelde en ander lig beboste gebiede. Dit is die enigste spesie in die genus Lycaon.

In Suider-Afrika word die wildehond meestal in die Krugerwildtuin, Botswana, Namibië en KwaZulu-Natal aangetref. Wildehonde leef in troppe en is veral bekend as roofdiere wat hul prooi meedoënloos jag.

## Identifikasie

Die soogdier het groot, ronde ore, 'n kort donker snoet met 'n pels wat kort en glad is. Kenmerkend is hul lang wit sterte wat opgelig word wanneer hulle opgewonde is. Hulle is oorwegend wit met geelwit, swart en skakerings van bruin vlekke oor die hele lyf. Die reuns is donkerder as die tewe. Daar is 'n donker streep van die voorkop na agter oor die



kop. 'n Volwasse wildehond het 'n gemiddelde massa van 25 kg en 'n hoogte van tussen 60 en 75 cm.

Die wildehond lyk baie soos 'n gewone hond, maar anders as die ander lede van die hondefamilie het die wildehond vier in plaas van vyf tone.

## Habitat en gewoontes

Hulle verkies bosveld of operige dele. Die diere lewe in troppe van gewoonlik 10 - 15 diere wat saam jag en kossoek. Hulle maak staat op hul sig eerder as reuk tydens jagtogte. Die wyfie is telkens vir twee maande dragtig en skenk dan gewoonlik in die winter geboorte aan twee tot ses kleintjies. 'n Wildehond het 'n moontlike lewensduur van tien jaar. Na 'n jagtog braak die grotes vleis by die kleintjies sodat hulle ook kan eet.

Wildehonde jag normaalweg in troppe: die prooi word gejag en in die hardloop verskeur.

'n Werpsel bevat hoogstens 9 kleintjies, wat na 'n dratyd van ongeveer 71 dae in ou erdvarkgate gebore word. Die kleintjies bly daar totdat hulle groot genoeg is om saam te gaan jag. Nadat hulle gespeen is, voed die wyfie hulle met half verteerde vleis wat sy uitbraak. Wildehonde is bekend vir hul uitsonderlike en effektiewe jagmetodes.

Hulle jag soggens of saans in troppe van 4 tot 60, hoewel daar gewoonlik nie meer as 20 in 'n trop is nie. Hulle gebruik hoofsaaklik hul reuk- en sigsintuie vir jag en hulle val meestal hoefdiere aan. Die leier van die trop kies 'n prooi, meestal 'n swak of siek dier, uit, waarna die trop hom volg. Die prooidier word aangeval totdat hy van uitputting neerslaan en dan word hy vinnig verskeur.

Omdat wildehonde maklik vee vang en oor groot afstande beweeg, word hulle meestal dadelik uitgeroei wanneer hulle buite wildtuine kom. In veral lande soos Suid-Afrika is die diere vandag gevolglik baie skaars en word hulle deur uitwissing bedreig.

(*Bron: https://af.wikipedia.org/wiki/Wildehond)*

# Smous hoekie

Wil jy braai vanaand, maar jou houtskool of vuuraanstekers is op?
Skakel vir Dries Brandt by telefoon nommer 011 814 6394 of 083 234 9563.
Hy verkoop ook potjieprutters en potjiedekselstaanders.

------------------------


*As jy wil adverteer in die smoushoekie of enige nuus wil deel, stuur gerus 'n e-pos vir my by* mags.randall@yahoo.com




Die Suikerbekkie word uitgegee deur die Suikerbosrand streek van SAWA. Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensies impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van SAWA is nie.
Besoek gerus SAWA web werf vir meer inligting oor SAWA:
http://www.sawa.org.za



# Jaarprogram 2024



| Maand | Datum | Plek | Kamp Kommandante |
|---|---|---|---|
| Januarie | 24 - 25 Snrb | Bloekompoort | |
| | 26 - 28 | Bloekompoort | Johnny & Margaret |
| Februarie | 23- 25 | Sionbergh | Gebied |
| Maart | 28- 31 | Klipdraai | Presidente |
| April | 12 - 14 | Bush Inn | Virgie & Jackie |
| Mei | 1 - 2 Snrb | Bloekompoort | Doedies |
| | 3 - 5 | Bloekompoort | |
| Junie | Geen | | |
| Julie | Geen | | |
| Augustus | 21 - 22 Snrb | Bloekompoort | |
| | 23 - 25 | Bloekompoort | Bestuur |
| September | 8 - 14 Snrb | Bloekompoort | |
| September | 20 - 24 | Nasionaal | |
| Oktober | 23 - 24 Snrb | Bloekompoort | |
| | 25 – 27 | Bloekompoort | Jooste & Elize |
| November | 20 - 21 Snrb | Bloekompoort | |
| | 22 – 24 | Bloekompoort | Jeug |

Dynamic Signs & Print cc

# 011 811 5477

dsp.print@gmail.com

www.dspdotprint.co.za

www.facebook.com/dsp.print

## Copy Centre
High Volume Copying
Laminating & Encapsulation
Stamps & Frames
Binding - Ring, Wire,
Punch & Perfect

## Silk Screening
ABS, Correx & Chromodek
Licence Discs,
Stickers & Labels
Shirts, Overalls,
Bags & Caps

## Printing
Graphic Design
Flyers & Business Cards
Letterheads, Comp-slips,
Books, Invitations,
Stickers & Labels

## Signage
Correx & Chromodek
Vehicle Signage,
Vehicle Wraps
Shopfronts & Light Boxes

## Digital Printing
Posters, Banners, Canvas
Pull-Up Banners

## Other
Sandblasting &
Lazer Engraving

# 60 YEARS OF SERVICE TO THE CAMPING COMMUNITY



CAMPWORLD

## Clarendon Campworld cc
## Springs

Jurgens · Safari · Gypsey · Sprite

Clarendon Caravans & Camping (Pty) Ltd, 49 Geduld Rd, Geduld Ext. Springs
Tel: 011 811 9900/1/2, Fax: 011 811 3270, P.O.Box 15575, Riverfield, 1564
Co Reg. no. 1968/03646/07 Director: Gert Scheepers - 082 820 8400

**Sales: Johan Viljoen 073 788 4358**